FSIZE:2738
ZCZC 076
AAZA16 FAME 310900
MP 014

M51-008

02 JUN 1994

MARION 51 NUUSBRIEF MEI 1994

MET DIE VERTREK UIT KAAPSTAD HET N GROOT ERVARING VIR DIE MANNE VAN DIE MARION 51 SPAN BEGIN. NA SES DAE OP SEE WAS ALMAL MOEG VIR WATER EN GOLFIES. MET DIE EERSTE OOGOPSLAG VAN DIE PRAGTIGE S.A EILAND IN DIE SUIDELIKE HALFROND WAS ALMAL IN EKSTASE, MAAR DIE GROOT BELEWENIS WAS OM OOR TE VLIEG NA JOU TUISTE MET DIE HELIKOPTER.

DIE EINDE VAN OORNAME HET DIE BEGIN VAN ONS 14 MAANDE ALLEEN OP DIE EILAND INGEHULDIG. ONS HET VINNIG AAN DIE WERK GESPRING MET N PAAR WEKE OOR VOOR DIE WINTER IN ALLE ERNS TOESLAAN. MET AL DIE VERSKUIWINGS VAN BAGASIE EN OPRUIMING HET DIT GEKLINK SOOS N NUWE VULKANISE UITBARSTING.

ONS EERSTE DAPPER MANNE WAT OM DIE EILAND GESTAP HET WAS GREG EN FRANS, DIE ROB VELD ASSISTENTE, BYGESTAAN DEUR ANTON, ONS VOEL VELD ASSISTENT. DIE VERSKONING WAT HULLE AANGEVOER HET WAS OM OBSERVASIE EN VERKENNING TE DOEN VIR DIE KOMENDE JAAR SE WERK - MAAR ONS WEET VAN BETER

GLEN,DANNY EN NICO VAN ONS WEER SPAN, WERK 24 UUR AANMEKAAR. TUSSENDEUR KRY HULLE DAREM OOK N BEURT OM AANDETE VOOR TE BEREI.

EEN VAN ONS MOOISTE VOELS OP DIE EILAND, DIE ALBETROS, WORD BESTUDEER DEUR ONNO - OF IS DIT DIE ALBETROS WAT ONNO BESTUDEER ? DIT BEHELS DIE MONITERING VAN DIE KLEINTJIES GEDURENDE DIE VOLLEDIGE BROEI TYDPERK.

DUPPIE, ONS RADIO TEGNIKUS, SPEEL MET SY RADIOS EN PROBEER SY BES OM WERK EN PLESIER TE SKEI. PIET, DIE MEDIC, HELP WAAR HY KAN - MET AF TONE DIE LOT. (HOU HOM NET WEG VAN DIE HELIKOPTERS)

FRANCOIS, DIE DIESEL MECHANIC, SORG DAT ONS OPWEKKERS GOED GEDIESEL BLY. MAAR HY IS VEEL MEER AS DIT. SY HANDE STAAN VIR NIKS VERKEERD NIE EN HY IS GEDURIG BESIG MET ALLERHANDE OPKNAP

WERK - SELFS TOT IN DIE VROEE OGGEND URE (ONNO KAN HIERVAN GETUIG).

MET DIE GEHEIMSINNIGE MAN OP DIE BASIS MOET ALMAL BAIE VERSIGTIG WEES - WHEN HE TALKS YOU LISTEN. DIS ONSE CLINTON, DIE LEIER VAN DIE SPAN ASOOK RADIO KOMMUNIKATOR. HY HET DIE LEISELS STEWIG BYMEKAAR GEVAT EN IS GOED IN BEHEER VAN ALLES.

MARION 51 STUUR ONS GROETE EN ALLES VAN DIE BESTE. DIE WINTER IS OP HANDE EN DIE SNEEU VLOKKIES HET AL BEGIN VAL.

KLIMAAT GEMIDDELDES VIR MEI 1994:

MAKSIMUM TEMPERATUUR	:	14.6
MINIMUM TEMPERATUUR	:	-0.7
GEMIDDELDE TEMPERATUUR	:	6.4
MAKSIMUM LUGDRUK	:	1028.8 MB
MINIMUM LUGDRUK	:	985.3 MB
GEMIDDELDE LUGDRUK	:	1013.3 MB
MAKSIMUM REEN IN 24 UUR	:	64.4 MM
HOEVEELHEID DAE MET REEN	:	26 DAE
TOTALE REENVAL	:	161.3 MM
TOTALE SONSKYN	:	84.5 URE
GEMIDDLEDE SONSKYN	:	2.6 URE P/DAG
MAKSIMUM WIND STOOT	:	121.5 KM/U

FRANCOIS DU TOIT
DIESELWERKTUIGKUNDIGE
MARION 51

NNNN